

13

DIE VOLK IN DIE WOESTYN

Ongehoorsaam → berou → vergifnis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God laat ons nooit in die steek nie.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- ons soms alleen en bang voel omdat ons ongehoorsaam was.
- ons God kan vertrou.
- Hy ons vergewe as ons berou het.
- ons sal swaarkry as ons sonder God probeer leef.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat God mense wat berou het oor hul sonde, vergewe.
- bereid wees om God enige tyd te vertrou.
- sekerheid hê dat God naby ons wil wees.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die hoofpunte van die woestynverhaal kan weergee.
- voorbeelde kan opnoem van hoe ons gehoorsaam aan Hom moet lewe.

MEER INLIGTING (Eksodus 32-34)

Wanneer ons lees dat die Here Israel deur die Rietsee laat trek het, besef ons dat Hy help as dit nodig is. Ons moenie moedeloos word as dinge verkeerd gaan nie. Ons moet op God vertrou. Hy kan die onmoontlike doen en wil dit ook doen, omdat Hy ons gemaak het en ons liefhet. Hy beskerm sy kinders.

Die reis deur die woestyn was vir die Israeliete baie swaar. Die Here het 'n verbond met hulle gesluit dat Hy hulle veilig na die beloofde land sou lei. Met die sluit van 'n verbond, belowe God dat Hy by sy woord sal hou. Hy sal by hulle bly. Hy verwag daarom dat die volk aan Hom gehoorsaam sal bly al gaan dit ook hoe swaar.

Op 'n keer het God vir Moses gesê om met Hom te kom praat op die berg Sinai. Die volk het ongeduldig geraak toe Moses langer op die berg bly as wat hulle verwag het. In hul ongeduld het hulle die verbond verbreek. Hulle het ongehoorsaam opgetree. Aäron moes vir hulle 'n beeld in die vorm van 'n kalf maak van die goue juwele wat hulle vir hom gebring het. Terwyl hulle die goue kalf aanbid het, het hulle losbandig en ontrou teenoor God opgetree. Moses was só ontsteld toe hy sien wat die volk doen, dat hy die kliptafels wat God vir hom op die berg gegee het, stukkend gegooi het. Daardeur wou Moses demonstreer dat die verbond tussen God en sy volk verbreek is.

Sonde kan egter nie ongestraf bly nie. Die straf vir diegene wat die verbond verbreek het, was die dood. Moses se eie stam, die Leviete, het die straf uitgedeel deur die ongehoorsame mense met swaarde dood te maak. Drie duisend Israeliete het gesterf. Die Here was so kwaad vir die Israeliete dat Hy hulle wou uitwis, maar Moses het vir hulle gepleit en gebid dat God hul lewens moes spaar. Dit het toe gebeur, want hulle het berou oor hul sonde gehad. Die Here is barmhartig en genadig. Hy was bereid om Israel weer in hul swaarkry te help. Hy het hulle vergewe en weer die twee kliptafels, waarop die tien gebooië was, aan hulle besorg.

Dit is maar een van die talle voorbeelde in die Bybel wat vir ons wys dat 'n hegte verhouding met die Here, soos dié van Moses, wel 'n verandering in ons lewens kan maak. Moses was volkome aan God toegewy. Hy het die Here vertrou.

Dit sou nie die laaste keer wees dat Israel die verbond verbreek nie. Die Israeliete het aangehou sondig. Die dood as straf vir sonde het ook aangehou en aangehou, totdat Jesus uiteindelik in ons plek vir die sonde kom sterf het. Almal wat berou oor hul sonde het en glo dat net Jesus hulle daarvan kan verlos, sal gered word van die ewige dood.

AANBIEDING

Jy het nodig

- A4 bladsye – drie vir elke groep van twee. Kyk by IETS OM TE DOEN hieronder.
- Merk elke groep van drie met een van die volgende opskrifte: ONGEHOORSAAMHEDE. GEVOLGE. NOU WEET EK...
- Potlode.
- Stel 'n kort vraestel op uit verlede week se lys vrae. Vra slegs enkele vrae daaruit.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Deel die vraestel uit en laat hulle dit beantwoord.
- Neem die vraestelle in en merk dit tuis.

- Gesels kortliks met die kinders oor die siekebesoek wat hulle 'n paar weke gelede gedoen het. Vind uit –
 - hoe hulle iemand wat nie goed gevoel het nie, met hul vriendelikheid opgebeur het.
 - of hulle vir daardie persoon gebid het.
 - wie met die hulp van hul ouers vir 'n pasiënt in die hospitaal gaan kuier het.
- Laat enkele kinders die volgende teks mondeling voltooi: *En as hulle gelowig bid,* (sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak.) (Jakobus 5: 15a)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel dat ongehoorsaamheid slegte gevolge het – sonde bring oordeel en straf. Ongehoorsaamheid het altyd slegte gevolge.

Verduidelik verder dat wanneer ons swaarkry omdat ons aan God ongehoorsaam was, Hy ons oproep om ons weer tot Hom te bekeer. Hy wil hê ons moet berou hê en terugkom na Hom toe. Hy wil altyd by ons wees. Jesus was die finale bewys dat God altyd by ons wil wees. Hy het na ons toe gekom. Toe Hy weer terug is na sy Vader toe, het Hy die Heilige Gees gestuur om by ons te kom bly.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Ons moet besef dat die keuses wat ons maak, gevolge het.
- Keuses moet dus met verantwoordelikheid gemaak word.
- Jy sal altyd verantwoording moet doen vir jou keuses.
- As jy verkeerd kies, sal jy die gevolge moet dra.
- As jy verkeerd gekies het en ware berou daarvoor het, is daar altyd vergifnis by God.

IETS OM TE DOEN

Noem 'n paar voorbeelde waar die Israeliete tydens hul reis uit Egipte moedeloos was en God ingetree het en weer vir hulle hoop gegee het. (*Toe hulle deur die Rietsee moes kom; toe hul water en kos opgeraak het; toe die water ondrinkbaar was; toe slange hulle gepik het...*)

Help die klas om insidente in die Bybel te noem waar mense ongehoorsaam was aan die Here, en sê wat hul straf was. (*Adam en Eva – uit die tuin gesit; mense in Noag se tyd – sondvloed tref hulle; voortdurend gekla oor kos en water – giftige slange het hulle doodgepik; 'n goue kalf aanbid – die oortreders is doodgeslaan en die water het bitter geword toe die kalf se goud fyngemaak en in die water gegooi is; Moses het die rots geslaan in plaas van om met die rots te praat – hy kon nie die beloofde land ingaan nie; die tien verspieters wat aanbeveel het dat hulle nie Kanaän moes intrek nie – die aarde het geskeur en hulle en hul gesinne ingesluk; Dawid het moord en owerspel gepleeg – sy kind is dood; ons almal het gesondig en moet gestraf word – Jesus word in ons plek 'n mens en sterf in ons plek.*)

- Skryf hierdie ongehoorsaamhede kortliks op aparte A4-bladsye neer. Elke bladsy moet die opskrif ONGEHOORSAAMHEID boaan die bladsy hê. Daar moet vir elke twee kinders een papier wees.
- Deel die kinders twee-twee by mekaar in.
- Deel vir elke groep 'n bladsy uit met 'n voorbeeld van die Israeliete se ongehoorsaamheid.
- Elke groep ontvang ook 'n bladsy met die opskrif GEVOLGE en een met die opskrif NOU WEET EK...
- Binne groepsverband bespreek hulle die sonde wat die volk gedoen het en skryf God se straf vir elke daad van ongehoorsaamheid op die bladsy met die opskrif GEVOLGE.
- Daarna skryf hulle op die laaste bladsye met die opskrif NOU WEET EK... watter les die volk en ons telkens daaruit geleer het.
- Die drie bladsye word nou aan die punte met gom aanmekaar geplak.
- Elke groep kry nou geleentheid om hul voorbeelde van ongehoorsaamheid, straf en die les wat daaruit geleer is, aan die res van die klas te rapporteer.
- Op dié manier leer die kinders dat die keuses wat jy maak, gevolge het.
- Keuses moet dus met verantwoordelikheid gemaak word.
- Vir die kinders is dit ook goed om so daaraan te dink: Wanneer ek 'n keuse maak, moet ek sommer ook daaraan dink dat ek die gevolg ook kies! Dit laat jou dalk twee maal dink.

Hier is 'n voorbeeld van hoe die bladsye lyk: (Die kategeet kan dit vooraf by die huis maak.)

OORSAAK	GEVOLG	NOU WEET EK...

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die blokke in hul boeke tuis gaan invul.

Hulle skryf of teken 'n insident waar hulle iets verkeerd gedoen het in die blok met die opskrif OORSAAK, wat toe met hulle gebeur het in die blok met die opskrif GEVOLG, en in die laaste blok onder die opskrif NOU WEET EK... wat hulle daaruit geleer het.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die Israeliete het dikwels uit ongeduld sonde gedoen.
- God het nie die sonde ongestraf laat bly nie en het hulle elke keer gestraf.
- Die volk het telkens tot inkeer gekom en God het hul sondes vergewe.
- As ons berou het en in Jesus glo, straf God nie meer ons sondes nie.

- Jesus het vir ons sondes gesterf.
- Wanneer jy bely dat Jesus jou Verlosser is en uit dankbaarheid sy wil doen, het jy deel aan sy koninkryk en erf jy die ewige lewe.

Laat hulle 1 Johannes 1: 9 gaan memoriseer: *Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes...*

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 238: 1, 3, 4, en 5 as gebed.

*God, enkel lig, voor u gesig
is niks op aarde rein nie.
Ons is bevlek, met skuld bedek –
kan nie voor U verskyn nie.*

*Heer waar dan heen? Tot U alleen;
U sal ons nooit begewe.
U eie Seun, ons borg en steun,
is ook ons weg tot lewe.*

*Ja, amen, ja! Op Golgota
betaal Hy vir my sonde,
en deur sy bloed word ons gemoed
gereinig van die sonde.*

*Gee ons al meer, om U te eer,
geloof, o Ewig-sterke!
Dan doen ons bly, aan U gewy,
uit liefde goeie werke.
Amen.*